

## Ons het 'n gesalfde Hoëpriester (OP87)

Heb 5:1-6

1 Mei 2022

Laasweek het ons begin om te kyk na die Seun as die Hoëpriester van die geloof wat ons bely. Hierdie is 'n groot onderwerp waaraan die Hebreërboek baie aandag gee – tot in hoofstuk 10. In Heb 4:14-16 het ons gesien dat die Seun beskryf is as die groot Hoëpriester, Hy is Jesus – m.a.w. Hy is die mens Jesus, maar Hy is ook die Seun van God, en dus ook God. Boonop het Hy reeds Sy offer gebring en is daarom reeds in die hemel aan die regterhand van God. Dit is in Hom in wie ons moet glo. Hy is ook die simpatieke Hoëpriester wat ons swakhede ken, en wat ook dieselfde versoeking beleef het as mens hier op aarde as wat ons beleef – daarom het Hy medelye met ons. Heb 4:16 het ons opgeroep om met vrymoedigheid na Sy genadetroon te gaan en om daar te vra vir barmhartigheid en genade. Die feit dat ons dit mag doen, en selfs met vrymoedigheid mag doen, is die resultaat van die feit dat ons 'n groot en simpatieke Hoëpriester het.

Vandag begin ons om te kyk na Heb 5. Die fokus is steeds op die Seun as Hoëpriester. Onthou die doel van die boek Hebreërs is om die lesers te oortuig dat die Christelike geloof uitstyg bo die Joodse geloof. In die bespreking oor die Hoëpriesterlike rol van die Seun wil die skrywer dit duidelik maak dat die Seun as Hoëpriester voldoen het aan al die vereistes wat in die Ou Testament gegeld het vir iemand wat hoëpriester was. Maar die skrywer wil ook uitwys dat daar sekere tekortkominge was rakende die Ou Testamentiese hoëpriesters, maar dat hierdie tekortkominge nie geldig is vir die Seun as Hoëpriester nie, trouens die skrywer wil duidelik maak dat daar aspekte van die Seun se Hoëpriesterskap is wat uitstyg bo die Ou Testamentiese hoëpriesterskap.

Ek moet vooraf weer erkenning gee aan die besondere insigte wat verskeie kommentatore toon oor hierdie gedeelte, maar in besonder AW Pink waarvan ek weereens ruim gebruik maak. Hy herinner onder andere aan hoe 'n laagtepunt die hoëpriesterskap in die Ou Testament bereik het in die tyd van Eli, waar ons byvoorbeeld lees hoe sy seuns eenvoudig die offers wat deur die volk vir die Here gebring is, geminag het. Toe God vir Eli geoordeel het oor hy dit nie aangespreek het nie, lees ons in 1 Sam 2:35 dat God gesê het: "Ek sal vir My 'n betroubare priester aanstel wat volgens My wil en wens sal optree." As ons in Hebreërs leer van die Seun as Hoëpriester, dan sien ons die vervulling van hierdie belofte van die Here.

In Heb 5:1-10 vind ons 'n beskrywing van die rol van die hoëpriester. Verse 1-4 beskryf vir ons die rol soos wat dit tipies in die Ou Testament voorgekom het, terwyl verse 5-10 dieselfde beginsels van toepassing maak op die Seun as Hoëpriester. Ons gaan vandag net stilstaan by verse 1-6. Ek wil dit oordink deur na die volgende 5 eienskappe van 'n hoëpriester te kyk: (1) Die hoëpriester moet 'n mens wees (v1), (2) die hoëpriester moet ter wille van mense optree (v1), (3) die hoëpriester moet gawes en offers bring vir sonde, (4) die hoëpriester het medelye met die swakhede van die mense (v2-3), en (5) die hoëpriester moet deur God geroep wees (v4-6).

### Die hoëpriester moet 'n mens wees (v1)

Heb 5:1 sê dat elke hoëpriester word uit die mense geneem – dit beteken dat elke hoëpriester self ook 'n mens moet wees. Dit is tog die rol van die hoëpriester om namens die mense offers te bring vir hulle sondes – om dit te kan doen beteken dit dat hy deel van hulle moet wees, anders kan hy nie namens hulle optree as hulle verteenwoordiger nie. Die hoëpriester moet dieselfde aard hê as die mense namens wie hy optree. Gevolglik kan engele byvoorbeeld nie eens oorweeg word as hoëpriester vir mense nie – want hulle is nie mense nie. Natuurlik was die Ou Testamentiese

hoëpriesters almal mense – dink maar aan Aäron, Eleasar of Eli. Natuurlik is dit die rede waarom die Seun mens moes word, voor Hy vir hulle versoening kon bewerk. In Heb 2:17 het ons alreeds gesien: “Daarom moes Hy in elke opsig gelyk word aan Sy broers, sodat Hy ‘n barmhartige en getroue Hoëpriester kon word, om as offer te dien tot versoening van die volk se sondes”. Ons het ook laasweek gesien in Heb 4:14 ons Hoëpriester is Jesus – met die klem op Hy is die mens Jesus.

#### Die hoëpriester moet ter wille van mense optree (v1)

Heb 5:1 gaan verder en leer dat elke hoëpriester aangestel word ter wille van mense. Hy tree dus op ter wille en namens mense. Hoekom is dit nodig? Dit is nodig omdat daar afstand is tussen God en die mense sedert die sondeval. In Gen 2:22-24 lees ons dat toe Adam en Eva uit die paradys gestuur is na die sondeval, het God gerubs gestuur om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak. In Eks 19:12 lees ons dat toe die volk by Sinai was en God aan hulle sou verskyn was daar streng voorskrifte vir grense om die berg om te voorkom dat die volk aan die berg sou raak. Die volk mog nie in die Ou Testamentiese tabernakel se Heilige of Allerheiligste kom nie – dit was net die priesters en hoëpriester onderskeidelik wat daar mog ingaan. Jes 59:2 leer: “Maar julle sondeskuld, dit het skeiding gebring tussen julle en julle God.” Of soos Ef 4:18 dit uitdruk: ons is vervreem van God. Daar is dus afstand tussen God en die mense.

In Eks 28 kry ons ‘n mooi beeld van hierdie rol van die hoëpriester om hierdie vervreemding te oorbrug. Lees Eks 28:9, 12, 21 en 29. Op die skouerbande van die hoëpriester se efod was daar twee oniksstene met die name van die 12 stamme daarop gegraveer, en op sy borstas was daar 12 stene met die name van die 12 stamme daarop gegraveer. Die doel was dat die hoëpriester so die name van die volk moes dra as “‘n durende herinnering voor die Here wanneer hy die heiligdom binnegaan”.

Let daarop dat nét die name van die volk Israel se stamme deur die hoëpriester gedra is – hy het nie alle volke se name voor die Here gebring nie. Netso sê Heb 5:1 die hoëpriester tree op ter wille van “mense”, nie ter wille van die mensdom nie. Die Seun as Hoëpriester het nie universele versoening kom bewerk vir alle mense nie – maar slegs vir die wat in Hom glo, slegs vir die wat die Vader aan Hom gegee het.

#### Die hoëpriester moet gawes en offers bring vir sonde (v1)

Die DAV vertaal in vers 1 dat die hoëpriester aangestel is “vir die offerdiens voor God”. Die OAV vertaal dit meer direk as “die dinge wat in betrekking tot God staan”. Beide vertalings volg dit dan op met die feit dat die hoëpriester gawes (geskenke) en offers moet bring vir sonde. Die punt is dat die fokus van die hoëpriester gerig is op God. Hy tree namens die mense op – met God as die fokus. Hy is Godgerig. Dit is anders as met ‘n profeet: ‘n profeet tree namens God op en is gerig op die mense – Hy is mensgerig. Selfs ‘n koning is gerig op die mense. Maar die hoëpriester tree op namens die mense gerig op God. Dit is ook waar van die Seun as Hoëpriester: Hy tree ook op namens die mense en Sy optrede is ook gerig op God.

Die hoofrol van die hoëpriester is om offers te bring. Ons lees hier dat hy gawes/geskenke en offers moet bring vir sonde. Meeste kommentatore is dit eens dat die term “offers” spesifiek verwys na daardie offers in die Ou Testament waar ‘n dier geoffer is ter versoening van sondeskuld, terwyl “gawes/geskenke” moontlik verwys na ‘n verskeidenheid van ander offers wat gebring is, bv graanoffers en drankoffers, of dankoffers.

As ons dink aan die Seun as Hoëpriester moet ons natuurlik primêr Sy offer aan die kruis in gedagte hê – daardie offer wat Hy juis gebring het om versoening te doen vir die sondes van die mense wat

in Hom glo. Ek dink Pink maak 'n waardevolle punt as hy sê dat ons geneig is om aan die Seun se offer te dink as 'n handeling waarby Hy passief betrokke was. Ons dink byvoorbeeld daaraan dat Hy oorgelewer was en dat die owerhede Hom veroordeel, gemartel en gekruisig het – en dus dat hulle in beheer was, en Hy was 'n passiewe slagoffer. Die Seun was egter baie meer as 'n passiewe draer van God se toorn oor die sonde – Hy was selfs baie meer as 'n gewillige draer van God se toorn. Nee, Hy was aktief betrokke. Hy het aktief 'n offer gebring – soos wat die hoëpriester in die Ou Testament aktief betrokke was by die bring van die offer. Die rede waarom ons geneig is om te dink Hy was passief, is omrede Hy nie net die Hoëpriester was nie, maar ook die offer wat gesterf het. Daar is verskeie gedeeltes in die Bybel wat egter Sy aktiewe rol onderstreep: Ef 5:25 sê dat Christus het Homself ter wille van die kerk oorgegee. Joh 10:18 sê: “Niemand neem (My lewe) van My weg nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het volmag om dit af te lê, en Ek het volmag om dit weer op te neem. Hierdie opdrag het Ek van My Vader ontvang”. In Joh 19:30 lees ons dat Jesus aan die kruis verklaar het: “Dit is volbring”. Let op, Hy is die Een wat verklaar. Hy is dus in beheer. Wat onder andere volbring is, is dat Hy in die drie ure van duisternis die duiwel oorwin het. Hy was nie passief aan die kruis wagtende om te sterf nie – nee Hy het met die duiwel geworstel en Hom oorwin – en kon daarna verklaar: “Dit is volbring”. Joh 19:30 gaan dan verder en sê “Hy het Sy gees oorgegee” – Tot met Sy sterwe was Hy aktief betrokke, selfs meer as dit – Hy was oorwinnend in beheer. Hy was nie net die offer nie – Hy was ook die Hoëpriester wat die offer gebring het.

#### Die hoëpriester het medelye met die swakhede van die mense (v2-3)

Vers 2 leer dat die hoëpriester iemand is wat deernis het met die mense wat onkundig en dwalend is. Die rede waarom hy deernis met hulle moes hê, is natuurlik omdat hy as hulle hoëpriester namens hulle versoening moes doen vir hulle sondes deur offers te bring. Hy sou tog nie met integriteit offers vir hulle oortredinge kon bring as hy nie deernis vir hulle gehad het nie. Die manier waarop God verseker het dat Ou Testamentiese hoëpriesters deernis vir die volk sou hê, was deurdat hulleself ook aan swakhede blootgestel was, en selfs sondes gedoen het. Dink maar net aan Eli in 1 Sam 1:9-14 waar hy geoordeel het Hanna was dronk omdat sy in haar hart gebid het en net haar lippe beweeg het, en hy nie haar stem kon hoor nie. Die hoëpriester Eli dink Hanna is dronk, terwyl sy ernstig met die Here worstel oor haar kinderloosheid. Hierdie swakheid van hoëpriesters het voorkom dat hulle hulle bo die volk verhef het. Maar natuurlik is 'n hoëpriester met sondeskuld nie 'n hoëpriester wat met integriteit voor God kon staan namens die volk nie. Lees vers 3. En daarom lees ons in Lev 16 dat die hoëpriester eers versoening vir sy eie sondes moes bewerk, en wanneer hy dus vry van sondes is, kon hy versoening doen vir die sondes van die volk.

Hier is 'n verskil tussen die Ou Testamentiese hoëpriesters en die Seun as Hoëpriester. Ja, die Seun het as Hoëpriester ook medelye met die mense vir wie Hy versoening bewerk. Ons het laasweek daarna gekyk. Lees weer Heb 4:15. Die medelye of deernis van die Seun is egter nie gebaseer op die feit dat Hyself ook sonde het nie (Hy het eenvoudig nie sonde nie), maar wel op die feit dat Hy ons swakhede ken en dat Hy ook die versoeking waaraan ons blootgestel is, ken – omdat Hy dit ook self belewe het tydens Sy lewe hier op aarde. Maar in hierdie versoeking het Hy nie gesondig nie, en daarom was dit nie nodig dat Hy eers versoening vir Sy eie sondes moes bring nie. Die Seun se medelye was egter so groot, dat Hy die sondeskuld van hierdie mense op Homself geneem het, en toe as Hoëpriester aktief Homself gaan offer het vir hulle sondeskuld.

Die punt is dit: Gestel jy sien iemand doen iets wat verkeerd is, byvoorbeeld jy sien iemand steel. Ons het tipies een van twee reaksies: óf ons ignoreer dit, waarskynlik omdat dit gerieflik is om dit net te ignoreer, óf ons veroordeel dit uit die hoogte, veral as dit nie iets waaraan ons skuldig is nie (of ten minste nog nie betrap is dat ons skuldig is daaraan nie). Maar, die hoëpriester mog nie een van hierdie twee benaderings volg nie: Hy mog dit nie net ignoreer nie – want God se Naam is oneer

aangedoen. Hy kon dit ook nie met integriteit net veroordeel nie – want Hy het self ook soortgelyke skuld, en boonop sou die skuld steeds daar wees al het hy dit veroordeel. Sy rol was om versoening te doen vir die sonde – dit is nadat hy versoening gedoen het vir sy eie skuld. Die situasie is soortgelyk, maar tog ook verskillend met die Seun as Hoëpriester: Hy kan die sonde ook nie net daar laat nie, want dit is tot oneer van Sy Vader se naam. Hy veroordeel ook nie net die sondedaad wat deur 'n gelowige gepleeg is nie – alhoewel Hy moreel op hoë grond was en dit sou kon doen, siende dat Hy nie persoonlik skuldig is aan enige verkeerde daad nie. Hy beperk Hom egter nie daartoe om net die daad te veroordeel nie. Nee, omdat Hy medelye het met die swakheid van die gelowige wat die daad gepleeg het, en omdat Hy weet hoe verleidelik die versoeking is waaraan die persoon blootgestel is, is Sy reaksie: Hy neem die skuld op Homself, en as Hoëpriester offer Hy Homself ter versoening van daardie daad. Dit is hoekom Heb 2:17 Hom 'n barmhartige en getroue Hoëpriester noem. Dit is hoekom Heb 4:15 Hom 'n simpatieke Hoëpriester noem. Dit is hoekom Heb 4:14 Hom 'n groot Hoëpriester noem.

#### Die hoëpriester moet deur God geroep wees (v4-6)

Vers 4 leer dat die hoëpriester deur God geroep moet wees om as hoëpriester te kan dien. So het God dan ook vir Aäron geroep as hoëpriester deur Moses (Eks 28:1). Voordat Aäron gesterf het, lees ons in Num 20:25-26 dat die Here sy seun Eleasar aangewys het om Aäron as hoëpriester op te volg. Dit is eenvoudig so dat God die Een is wat mag besluit wie Hy sal aanvaar om namens die volk offers te bring wat vir Hom aanvaarbaar is. Korag, Datan en Abiram het hulle verset teen die idee dat hulle net Leviete was, en dat hulle nie ook priesters, en selfs hoëpriester, kon wees nie. Die Here het dit egter duidelik gemaak dat Aäron Sy aangestelde hoëpriester was en gevolglik het hulle 'n duur prys betaal vir hulle aanmatiging, terwyl God hulle nie geroep het as priesters of hoëpriester nie.

Maar wat nou van die Seun? Is Hy werklik deur God geroep om Hoëpriester te wees? Trouens, kwalifiseer Hy hoegenaamd om as Hoëpriester te dien? Hy was nie eens van die stam Levi nie! Vers 5 antwoord dat die Seun Hom nie self vereer het om Hoëpriester te wees nie, maar wel God. Kan ek drie opmerkings maak oor hierdie stelling in vers 5: (1) Jesus het self geleer dat Hy Hom nie self verheerlik het nie. In Joh 8:54 het Hy gesê: “As Ek My self verheerlik, is my heerlikheid niks werd nie. Dit is My Vader wat My verheerlik, Hy van wie julle sê: Hy is ons God”. Die heerlikheid wat Hy ontvang is aan Hom gegee deur die Vader. (2) Let op hoe die feit dat die Seun as Hoëpriester dien, gekoppel word met eer in vers 5: Die Seun het Homself nie vereer om Hoëpriester te wees nie, maar die Vader het Hom wel daarmee vereer. Dit is eenvoudig 'n eer vir die Seun om in hierdie rol te dien. Verder het die vervulling van Sy rol as Hoëpriester ook daartoe gelei het dat Hy eer ontvang het – trouens na Hy Sy offer gebring het, is Hy in heerlikheid opgeneem in die hemel. Kort voor Sy kruisiging het Hy in Joh 17:1 ook gebid dat die Vader Hom moet verheerlik – wat gerealiseer het nadat Hy Sy offer as Hoëpriester gebring het. (3) Let ook op hoe vers 5 spesifiek na die Seun verwys as “Christus”. Ons weet “Christus” beteken “Gesalfde”. Die skrywer wil hê dat ons spesifiek moet raaksien dat die Seun gesalf is deur God – en spesifiek dat He deur God gesalf is as Hoëpriester.

Nou sou mens die vraag kon vra: waar het dit gebeur dat die Seun deur God geroep is en gesalf is om as Hoëpriester diens te doen? Dit is 'n belangrike vraag: want as Hy nie deur God geroep is nie, kan Hy nie Hoëpriester wees nie, en dit sal 'n groot vraagteken plaas agter al die dinge wat ons nou al van Hom geleer het as Hoëpriester. Wel, genadiglik antwoord vers 5 die vraag: Dit het gebeur toe God vir die Seun gesê het: “Jy is My Seun; vandag het Ek jou verwek (gegenereer – OAV)”.

Natuurlik is hierdie stelling 'n aanhaling van Ps 2:7. Dit is nou die tweede keer dat die Hebreërskrywer na Ps 2:7 verwys: In Heb 1:5 het hy ook hierna verwys – daar het hy hierna verwys in sy argument dat die Seun verhewe is bo die engele – God het nooit so-iets vir die engele gesê nie.

Kom ons gaan weer na Ps 2 toe. Natuurlik is Ps 2 'n Messiaanse psalm, wat handel daaroor dat God lag vir die konings van die aarde wat in opstand kom teen God en Sy Gesalfde. Die "Gesalfde" verwys natuurlik na die Seun, na die Christus. In vers 6 sê die Here dan in Sy toorn aan die konings dat Hy die Een is wat Sy Koning as Gesalfde gesalf het. God het Hom gesalf. Ja, weliswaar gaan dit hier oor die salwing tot Koning, maar dit is God wat Hom gesalf het. En dan kom vers 7 waar die Gesalfde, oftewel die Christus, self aan die woord is. Die Gesalfde sê dan wat die Here aangekondig het: "Jy is My Seun, vandag het Ek Jou verwek." Ons moet dus aflei dat die salwing gebeur het toe God gesê het: "Jy is My Seun".

Daar is twee insidente in die evangelies waar God dit gesê het. Ons kyk kortliks na albei:

- Lees Mat 3:13-17. Hierdie gedeelte handel oor die doop van Jesus. Jesus het by Johannes die Doper aangedring dat hy Hom moet doop. Johannes was huiwerig, maar Jesus het vir hom gesê op hierdie manier sal alle geregtigheid vervul word – m.a.w. op hierdie manier sal dit moontlik word dat daar geregtigheid beskikbaar word (v15). Nadat Jesus gedoop is, het die hemel oopgegaan en die Gees van God het op Hom neergedaal (v16), en toe was daar 'n stem uit die hemel wat gesê het: "Dit is My geliefde Seun oor wie Ek My verheug" (v17). Drie insidente: Jesus dring aan om gedoop te word, net na Sy doop daal die Heilige Gees op Hom neer, en dan is daar die aankondiging: Dit is My Seun.

Vergelyk dit nou met die wyding van Aäron as hoëpriester in Lev 8. Hier is ook drie insidente: In verse 1 en 2 lees ons dat dit die Here was wat vir Moses gesê het om Aäron te salf as die hoëpriester – Aäron is dus deur die Here geroep tot Hoëpriester. In vers 12 lees ons dat Moses Aäron gesalf het met die salfolie om hom te heilig as hoëpriester. In vers 22 en verder lees ons dat Aäron aan die Here gewy is deur die slag van die wydingsram. Drie gebeure: eers is Aäron deur die Here geroep, toe is hy gesalf, en daarna aan die Here gewy.

Sien jy die ooreenkoms met die gebeure by Jesus se doop? Met Sy doop vind dieselfde drie stappe plaas, maar in omgekeerde volgorde: Dit begin met Jesus wat aandring dat Hy gedoop word – Hy wy Hom dus toe. Daarna word Hy gesalf – nie met salfolie nie, maar met die Heilige Gees, en dan verklaar God uit die Hemel: "Dit is My geliefde Seun" – 'n bevestiging van Sy roeping om geregtigheid te gaan bewerk – wat Hy juis doen deur Sy rol as Hoëpriester. Ons kan dus sê: Dit was toe God met Jesus se doop gesê het "Dit is My Seun", dat Hy geroep en gesalf is as Hoëpriester.

- Lees Mat 16:28-17:7. In vers 28 praat Jesus met Sy dissipels oor die koms van Sy koninkryk. In verse 1-7 lees ons van die gebeure op die berg van verheerliking, wat ses dae later plaasgevind het. Tydens hierdie gebeure sien Petrus, Jakobus en Johannes 'n voorskou van Jesus in heerlikheid in Sy koninkryk. Dit is wanneer dit gebeur dat vers 5 ons leer daar was weer die stem uit die hemel, wat sê: "Dit is My geliefde Seun, oor wie Ek My verheug. Luister na Hom." Onthou nou, Ps 2 het hierna verwys, spesifiek na die salwing van die Gesalfde as Koning. Wat ons dus hier moet raaksien is dat Jesus hier as Koning gesalf word. Trouens, Petrus praat later van hierdie gebeure in 2 Pet 1:16 en dan sê hy: "ons was aanskouers van Sy majesteit" (OAV, NAV). Dit is tog taal wat van 'n Koning praat.

Sien jy die punt? In die Ou Testament is hoëpriesters geroep deur die Here, gesalf en daarna gewy aan die Here. Die Seun het Homself aan die Here gewy toe Hy gevra het om gedoop te word juis met die doel dat geregtigheid bewerk kan word, met Sy doop is Hy gesalf met die Heilige Gees, en daarna het God uit die hemel verklaar: Dit is My Seun! In die Ou Testament is konings deur die Here geroep en gesalf. Op die berg van verheerliking sien die drie dissipels Jesus in heerlikheid, in majesteit, in Sy

koninkryk. En God verklaar uit die hemel: Dit is My Seun! In Ps 2 sê die Seun, die Gesalfde, Hy is gesalf toe God gesê het: Jy is My Seun. God het juis dit gesê met Sy doop en Sy verheerliking op die berg, met Sy roeping en salwing as Hoëpriester en as Koning. En dit is waarom Heb 5:5 redeneer dat Christus deur die Here geroep is as Hoëpriester!

Kan ek jou ook op die volgende wys: Twee keer verklaar God uit die hemel “Dit is My geliefde Seun” – die een keer om te bevestig dat God Hom aangestel het as Hoëpriester aan die begin van die Seun se openbare optrede hier op aarde waartydens Hy Sy eenmalige en volmaakte offer as Hoëpriester sou bring, en die ander keer heelwat later in Sy openbare optrede aan ‘n paar dissipels om te bevestig dat die Seun ook die gesalfde Koning is. Laasweek het ons gesien die Seun het as Hoëpriester deur die hemele gegaan (Heb 4:14) en toe het Hy gaan sit in majesteit aan God se regterhand (Heb 1:3). Sy Hoëpriesterlike werk eindig in Sy verheerliking as Koning. In Op 22:1 lees ons van “die troon van die Lam” – die Lam verwys na die Seun as Hoëpriester, en die troon na die Seun as die Koning. Hy is die Priesterkoning – God het Hom geroep en gesalf as Priesterkoning – eers as Hoëpriester met Sy doop, en later as Koning op die berg van verheerliking. God het dit self uit die hemel aangekondig! En die Bybel sluit af met die Lam op die troon saam met God!

In vers 6 spreek die Hebreërskrywer ook die moontlike besorgdheid aan dat Jesus nie Hoëpriester kan wees nie, siende dat Hy nie uit die stam Levi is nie. Die punt wat die skrywer maak is dat Jesus Hoëpriester is van ‘n ander priesterorde as die waarvan die Ou Testamentiese hoëpriesters deel was – die Seun is naamlik Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek. Hierdie is op sy eie ‘n groot saak, wat in detail in Heb 7 bespreek word. Ons sal dit dan in detail oordink.

#### Opsomming

Laasweek het ons gesien ons het ‘n groot Hoëpriester: Jesus, die Seun van God. Ons het ook gesien ons het ‘n simpatieke Hoëpriester wat ons swakhede en ons versoekinge verstaan. Vandag het ons gesien ons het ‘n Hoëpriester wat ‘n mens is, soos ons. ‘n Hoëpriester wat ter wille van ons optree en daardie skeiding wat daar tussen ons en God is oorbrug. Hy verteenwoordig ons voor God. Hy het die volmaakte offer gebring vir ons sonde. Hy het nie nodig gehad om eers vir Sy eie sondes versoening te doen nie, want Hy het nie sonde van Sy eie gehad nie. Dit is hoekom Hy ons sonde op Hom kon neem. Hy is werklik deur God self aangestel as Hoëpriester, en ook as Koning. God het dit self vanuit die hemel aangekondig!

Terwyl ons dan so ‘n groot Hoëpriester het, Jesus, die Seun van God, laat ons dan styf vashou aan die geloof wat ons bely (Heb 4:14, NAV)!